

**30 Desember**

**Skrifgedeelte: Openbaring 19:1-8**

**Fokusgedeelte: Openbaring 19:6 (1953-vertaling)**

**Prys God wat die volle beheer gaan oorneem!**

In 'n hallelujakoor gaan die uitverkorenes God uitbundig prys omdat Hy op 'n nuwe wyse met die wederkoms begin regeer. Ons lees daarvan ook in byvoorbeeld 1 Korintiërs 15:23-25 en Openbaring 11:17. 'n Nuwe fase gaan in God se koninkryk intree. Finale herstel gaan plaasvind.

Christus het aarde toe gekom om juis weer God se heerskappy oor alles te vestig. Satan het vanaf die sondeval as teëkoning die mag by God probeer steel. Met Christus se opstanding oorwin Hy al die opstandige magte en heers Hy nou as Koning tot aan die einde van die tye as Hy die Koningskap weer aan die Vader gaan oorgee. Saam sal hulle dan tot in ewigheid regeer.

Met hierdie nuwe magsaanvaarding sal God as regverdige God dan alle vyandige magte finaal oordeel en as genadige en barmhartige God die ewige huweliksluiting met sy kerk laat plaasvind. Hy ontferm Hom dan op 'n besondere wyse oor al die gelowiges van alle eeue en verbind Hom op die allerintiemste wyse met hulle.

Ons kan daarna uitsien dat ons eendag sal deelneem aan die magtige hallelujakoor wat God prys oor Hy die magte oorwin het en die langverwagte huweliksfees wat nou uiteindelik plaasvind. Ons kan egter ook nou al voluit die Here prys omdat Hy die bruid, sy kerk, vergun het om fyn, helder blink klere aan te trek.

Die Here gee ons elke dag die geleentheid om vir daardie ontsaglike geleentheid voor te berei. Hy gee daagliks aan sy kerk genoeg gawes daarvoor. Hy gee ons die krag deur sy Gees om goeie werke te kan doen. Elke liefdesdaad uit geloof is deel van daardie wonderlike voorbereiding!

Berei jou nou al voor sodat jy ook eendag met hemelse vreugde kan saamsing: Halleluja!  
Prys die Here!

*Sing: Skrifberyming 18-3:6, 7*

*Ds. HG (Garrie) Schutte (Suidkus)*